# DIE EERSTE OPSTANDING EN TWEEDE DOOD VAN OPEN. 20

Daar is 'n kosbare seën uitgespreek in verband met die lees en hoor van Openbaring.

> Open. 1:3 **Salig** *(G3107 makarios)* is hy wat die woorde van die profesie **lees**, en die **wat dit hoor** en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby. *('makarios' = Goddelike guns/begenadiging/wel-geluk-salig - vgl. Ps. 32:1 met Rom. 4:7)*

Hierdie seën word herhaal in Open. 22:7. Kom ons gaan kyk dan waarheen lei hierdie saligspreking ons i.v.m. die Eerste Opstanding en Tweede dood sodat ons dit in ons harte kan bewaar.

**INLEIDING**

Die presiese frase "*eerste opstanding*" kom woord-vir-woord in die hele Bybel slegs in Openbaring 20:4 - 6 voor. Dit gaan gepaard met 'n Tweede dood (vers 6, 14) en 'n Finale oordeel (vers 11 -15).

Soos ook met die 'duisend jaar' in Open. 20 waarna ons reeds gekyk het, is daar twee verskillende sienings in verband met vers 5 en 6 se 'eerste opstanding' nl.

- Die letterlike (fisiese) siening van Premillennianisme (Chiliasme),
- Die simboliese (geestelike) siening van Amelliannisme en Postmillennialisme (Anti-chiliasme).

*Millennialisme* kom van die Latynse woorde "mille" (duisend) en "annus" (jaar). Chiliasme is die Griekse ekwivalent van hierdie Latynse woorde (Grieks: **χίλια ἔτη** = *chília étē*).

**PREMILLENNIASME SE SIENING**

Chiliasme/Premillennianisme se siening behels meer as een fisiese opstanding wat weerskante van 'n fisiese 1 000 jaar gebeur, maar dis problematies as diè duisend jaar na regte simbolies is. *(Sien: BESINNING OOR DIE DUISEND JAAR)*

Darby en Scofield se Premillennianistiese siening verwar ongelukkig baie lesers van die boek van Openbaring omdat hierdie siening se wegspringplek vanaf die verklaring van Dan. 9 se tydlyn verkeerd is. Wanneer die 70ste week van 'n reeds vervulde profesie **losgemaak** word van die res van die profesie om dit vir 'n toekomstige vervulling **te verplaas** na duisende jare later in **ons** toekoms in, verander dit die hele landskap waarteen die res van die Woord en veral Openbaring en die 1 000 jaar, gesien word. Dit dwing hulle dan ook om die opstanding in verskillende "fases" op te breek ... eerstens 'n opstanding van die "kerk" (tydens 'n "geheime" wegraping) en dan later die res, ook in fases. *(Sien: DIE SEWENTIG WEKE VAN DANIËL, THE DANIEL 9:25 – 29 PROPHECY, DIE SEWENTIGSTE WEEK OPGESOM, JOHN NELSON DARBY EN DIE GEHEIME WEGRAPING)*

Hierdie siening maak van JaHUaH se Verlossingsplan 'n gefragmenteerde en ingewikkelde stelsel wat net op die fisiese en aardse gefokus is, i.p.v. op die voltooide werk van ons Messias .

Die vraag is nou:

1. Leer die N.T. dat daar twee of meer *fisiese* opstandings is, en
2. Wat leer die N.T. ons oor 'n geestelike opstanding?

Kom ons kyk eerstens na die geestelike opstanding.

**DIE GEESTELIKE OPSTANDING**

Hoewel die frase "*eerste opstanding*" net in Open. 20:5 – 6 gebruik word, kom die konsep van 'n "geestelike opstanding" wat *eerstens* moet gebeur voordat mens 'n pad met JaHUsha kan loop, regdeur die Nuwe Testament voor.

Dit gaan gepaard met die feit dat die 1 000 jaar in Open. 20 nie letterlike 1 000 aftelbare jare is nie, ook nie 'n toekomstige aardse wêreldryk of koninkryk nie, maar dat dit ... 'n *simboliese beskrywing* van Messias se *huidige heerskappy* tussen Sy eerste en tweede koms is (= 'n herstelling van Gen. 1:28), soos gesien deur die lens van apokaliptiese en uitbeeldende taal.

Dis teen hierdie Amellennianistiese (anti-chiliastiese) agtergrond waarteen die eerste opstanding ook verklaar moet word om werklik sin daarvan te kan maak.

Maar as mens gaan probeer om Open. 20 letterlik te verstaan sal prominente kernverse vanuit die res van die N.T. nie harmoniseer nie en dan doen mense "herinterpretasie" van sulke verse om dit te maak pas. Dit beteken dat die Skrif "gebreek" word. Ons moet dus eers mooi seker maak wat die res van die N.T. vir ons leer oor die opstanding.

**DIE NUWE TESTAMENTIESE EENMALIGE OPSTANDING**

Die res van die Nuwe Testament leer eintlik dat daar net **een algemene opstanding** is waartydens die Regverdiges en Onregverdiges opgewek en geoordeel word. Vir die Onregverdiges sal hierdie meegaande oordeel 'n veroordeling wees in diè sin dat dit 'n **strafregtelike** proses sal wees wat lei na die "*tweede dood*", wat ook 'n permanente en finale skeiding tussen hierdie betrokke twee groepe sal wees, want die Regverdiges sal aan die anderkant terselfdertyd die ewige heerlikheid as erfenis ontvang (Open. 21 - 22). Die skape en die bokke word dus geskei (Matt. 25) deur te kyk wie *vanuit die nasies*, se naam nie in die Boek van die lewe is nie (d.w.s. individue vanuit alles nasie – vers 32). *Sien ook: DIE SKAPE EN DIE BOKKE.*

Vir die Regverdiges is hierdie oordeel, dan nie "veroordeling" nie, m.a.w. dis nie 'n saak van skuld of straf nie, want hulle is alreeds vrygespreek toe hulle JaHUsha se versoeningsdood vir hulle self aanvaar het. Die oordeel vir hulle is dus soos 'n **openbare bevestiging** dat hulle as *Kinders van Elohiem* aan Hom behoort. *(Vergelyk. 2 Kor. 5:10 met Open. 11:18, 19:7 – 8.)*

Kom ons fokus nou verder op hierdie eerste opstanding in Open. 20:4 – 6 , want dit is die spil waarom die hele millennium-debat ook draai.

**WAT JOHANNES SIEN**

> Open. 20:4 Ek het ook trone gesien, en aan dié wat daarop sit, is mag verleen om te oordeel. Ek het die siele gesien van hulle wat onthoof is vanweë die getuienis oor JaHUsha en die woord van Elohiem. Dit is hulle wat nie neergeval het om die dier en sy beeld te aanbid nie, en nie die merk op die voorkop of op die hand ontvang het nie. Hulle het **lewend geword**, en saam met **Messias** regeer, 'n duisend jaar lank. *(2020 vertaling, sien: KONINGS EN PRIESTERS )*
> Open. 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. **Dit is die eerste opstanding**.
> Open. 20:6 Gelukkig en afgesonder is die een wat deel het aan die **eerste opstanding**. Oor hulle het die **tweede dood** nie mag nie. Hulle sal **priesters** van Elohiem en van Messias wees, en saam met Hom 'n duisend jaar lank **regeer**. *(2020 vertaling)*

<u>Terloops</u>: Hulle is onthoof omdat hulle nie die Keiser as "god" (die Diersisteem) wou aanbid nie en die destydse merk as teken dat iemand dit wel gedoen het, dan nie gekry het nie, omdat hulle as Christene *JaHUsha as hulle Elohiem* bely het. Vergeet dan maar eers van die Scofieldse meer moderne uitleg oor hierdie merk, want dit was net simbolies van: "of mens die keiser as "god" erken het of nie. Aan die anderkant beteken dit hedendaags nog dieselfde as vir hierdie martelare, nl. … *het mens JaHUsha as jou Elohiem aanvaar of het mens nie*. Martelaar (Grieks: "martys") beteken eintlik: *'n **Getuie***, maar dit was soos "hoogverraad" om te getuig dat JaHUsha die enigste God/Elohiem is, en het teregstelling dan gevolg. *(Sien: <u>DIE MERK VAN DIE DIER</u>, <u>MISLEIDING IN VERBAND MET DIE MERK VAN DIE DIER</u>)*

Johannes sien dus ...

- Trone
- **Siele** van die wat onthoof is omdat hulle nie die Dier aanbid het nie
- Hulle "het lewend geword" en saam met Messias regeer 1 000 jaar lank (vgl. Gen. 1:28)

Vers 5 sê dat dit die *eerste opstanding* is en vers 6 sê dat die *tweede dood* oor hulle geen mag het nie.

<u>Kernvraag</u>: Is hierdie ...

- 'n liggaamlike (fisiese) opstanding

Of

- Is dit 'n *geestelike* opstanding?

Hou in gedagte dat Johannes *"siele"* sien, nie liggame nie, en dat hulle alreeds regeer saam met Messias wie se heerskappy alreeds aktief is sedert Sy eerste koms.

Nou moet ons gaan kyk hoe dit vergelyk met dit wat in die res van die N.T. staan.

**DIE RES VAN DIE NUWE TESTAMENT**

Ten eerste sê die evangelie van Johannes dat tydens die Opstanding, ALMAL wat in die grafte is Sy stem sal hoor. Hier is daar is geen sprake van "twee opstandings" nie.

> Joh. 5:28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n **uur** wanneer **<u>almal</u>** wat <u>in die grafte is</u>, Sy stem sal hoor
> Joh. 5:29 en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot <u>die opstanding van die lewe</u>, en die wat kwaad gedoen het, tot die <u>opstanding van die veroordeling</u>.

Die woord "*uur*" (Grieks: hōra) beteken hier nie noodwendig 'n letterlike 60 minute tydperk nie, maar eerder 'n *vasgestelde tyd* of *beslissende tydstip* in JaHUaH se plan.

Dis dan duidelik dat dit *een universele opstanding* is op een bepaalde tyd met twee verskillende uitkomste. Paulus noem dit ook so in een asem in die boek van Handelinge …

> Hand. 24:15 en 'n hoop op Elohiem het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n <u>opstanding sal wees van die dode</u>, **regverdiges** sowel as **onregverdiges**.

Paulus herhaal dit ook weer aan Timotheus.

> 2 Tim. 4:1 Ek besweer jou dan voor Elohiem en Meester JaHUsha Messias, wat **die lewende en die dode sal oordeel** <u>by Sy verskyning</u> en Sy koninkryk …

Daar is dus een universele opstanding tydens die Wederkoms waar twee verskillende groepe geoordeel sal word. Waar mens dan die woord "eerste" in die res van die N.T. mag lees m.b.t. opstanding, beteken daardie "eerste" nie altyd *eerste in tyd* met 'n groot gaping daarna nie, maar wel: *Voorrang* of *prominensie*, soos bv. in 1 Thess. 4:16 …

> "Want die Meester self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohiem; en **die wat in Messias gesterf het**, sal **eerste opstaan**."

Dit beteken dat diè wat weergebore is (= "in Messas is"), in volgorde eerste sal opstaan uit die graf voordat die onregverdiges net nà hulle sal opstaan, voorrang dus.

Daar is dan nie 2 of meer opstandings vanuit die grafte nie, maar daar is wel *2 tipes* m.b.t. die woord '*opstanding'*, nl. die <u>*geestelike*</u> en die <u>*fisiese*</u>. Laasgenoemde gaan gepaard met "**uit die grafte**". Dis nie die *geestelike* "eerste" opstanding van Open. 20 nie.

Let nou op ... Die rede waarom die Regverdiges eerste m.b.t. **rangorde** opstaan tydens die algemene opstanding vanuit die grafte, is omdat hulle alreeds die ***geestelike** opstanding* (= wedergeboorte) ervaar het terwyl hulle nog geleef het. Sonder hierdie "<u>*eerste*</u>" ***geestelike opstanding*** in hièrdie lewe, kan daar nie deelname wees aan die ere-posisie (eerste m.b.t. rangorde) van die fisiese opstanding uit die graf nie. Hierdie fisiese opstanding uit die graf is soos 'n "bekroning" van dit wat reeds lank vòòr die fisiese dood geestelik in die mens se hart begin het.

Die "eerste opstanding" van Open. 20 is dus nie 'n tydstip by die '*opstaan uit die grafte'* nie, maar 'n <u>toestand van die hart</u> wat die **voorrang** by die grafte gaan bepaal.

<u>Dus</u>: Met *Opstanding* verstaan ons dat mense *lewendig* word, maar wat die geestelike opstanding betref word dit <u>nou reeds</u> beleef deur mense wat nou nog fisies in lewende lywe is … want dit is wanneer iemand JaHUsha in sy lewe aanneem en dan "*weer 'n keer gebore word"* (wedergeboorte, vgl. Joh. 3:3 - 6).

> "Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees." *(Joh 3:6)*

Om op so 'n manier *geestelik* lewendig te kan word, sterf ons dan eers geestelik die "ou mens" af, want deur sonde en misdade is ons 'dood' … geestelik dood (Gen. 2:17). Paulus het nie 'n graf in die grond in gedagte gehad toe hy aan die Efesiërs die volgende geskryf het nie …

> Ef. 2:5 ook **toe ons dood was** deur die misdade, <u>lewend gemaak saam met Messias</u>—uit genade is julle gered—
> Ef. 2:6 en **saam opgewek** en **saam laat sit in die hemele in Messias JaHUsha**

Sjoe, dit klink darem nou baie nes Open. 20:4 se laaste sin, nie waar nie? Kom ons kyk na nog 'n soortgelyke gedeelte …

> Kol 3:1 As julle dan **saam met Messias opgewek is**, soek die dinge **daarbo waar Messias is** en aan **die regterhand van Elohiem sit**.
> Kol 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.
> Kol 3:3 Want julle het gesterwe, en <u>julle lewe is saam met Messias verborge</u> in Elohiem.
> Kol 3:4 Wanneer Messias, <u>wat ons lewe is</u>, **geopenbaar word**, dan sal **julle ook saam met Hom** in <u>heerlikheid</u> **geopenbaar word**.

Dis duidelik dat vers 1 – 3 met redding en wedergeboorte te doen het, wat beteken dat mens dan geestelik “deel word” van JaHUsha se *dood en opstanding*, terwyl vers 4 handel oor die wederkoms se openbaarmaking van diegene in vers 1 – 3.

Dis dan juis hierdie ***geestelike ervaring*** van wedergeboorte wat in Open. 20 beskryf word as die “eerste opstanding” (geen sprake van grafte wat oopgaan nie). Die fisiese opstanding wanneer die grafte wel sal oopgaan is dan nie ‘n “tweede” opstanding vanuit die grafte nie, want daar is net *een algemene opstanding* wat vir ‘n ieder en ‘n elk is (alle mense) soos wat Joh. 5 dit beskryf.

Die ‘eerste opstanding’ van Open. 20 verwys dan na die ‘*lewe in Messias*’ sedert Hy Homself op aarde kom bekendstel het as die Seun van die mens, waarop sekere mense Hom toe aanvaar het as Messias en toe *geestelik “lewendig”* geword het … omdat hulle toe“weer” gebore is uit Elohiem wat Gees is. Hulle het letterlik ‘*geestelik opgestaan*’ uit hulle geestelike doodsheid.

> Joh 1:12 Maar almal <u>wat Hom aangeneem het</u>, aan hulle het Hy mag gegee om <u>kinders</u> van Elohiem te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
> Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ‘n man nie, **maar uit Elohiem gebore is**.

Om in *verhouding* met Elohiem te kan wees, moet mens uit Hom gebore word om so weer *geestelik* ‘lewendig’ te kan wees soos wat Adam en Eva aanvanklik was.

> Joh. 4:24 <u>Elohiem is Gees</u>; en die wat Hom aanbid, moet **in gees** en waarheid aanbid.

Johannes het vroeër in Joh. 5 ook geskryf dat hulle wat die *ewige lewe het*, nie in die oordeel sal kom nie omdat hulle ***“oorgegaan het*** <u>*uit die dood in die lewe*</u>”. Dit is juis diegene wat nou reeds geestelik lewendig is …

> Joh. 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die **ewige <u>lewe</u>** en KOM NIE IN DIE OORDEEL NIE, maar het oorgegaan <u>uit die dood</u> in <u>die lewe</u>.
> Joh. 5:25 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom ‘n uur, en dit is **<u>NOU</u>**, wanneer die dode die stem van die Seun van Elohiem sal hoor; en die wat dit gehoor het, **sal lewe**.
> Joh 5:26 Want soos die <u>Vader lewe het in Homself</u>, so het Hy aan **die Seun ook gegee** om <u>lewe</u> **in Homself te hê**.

Die "nou" in vers 25 is die *tydperk van genade* wat met JaHUsha se koms begin het. Dit is die uitnodiging dat mens vandag nog geestelik kan opstaan uit die geestelike dood, nog voordat die fisiese dag (of “uur”) van die finale opstanding aangebreek het.

In vers 28 en 29 het ons vroeër gesien dat JaHUsha gepraat het van die **<u>fisiese</u> opstanding** (waar almal in die grafte Sy stem op ‘n spesifieke tydstip sal hoor), maar in vers 25 maak Hy die fyn onderskeid en verwys Hy na die "nou", m.b.t. die **<u>geestelike</u> opstanding**.

- Die "dode" waarvan Hy in vers 25 praat, is dan mense wat fisies lewe, maar **geestelik dood** is weens die sonde.
- Die oomblik wanneer iemand Sy stem (die Evangelie) hoor en glo, "staan hulle op" uit hierdie geestelike dood uit en word dan geestelik lewendig.

Kyk ook na die verskil wat "Hoor" betref in vers 25 en 28 ...

- In vers 25 (die "nou"): *<u>Net diè</u>* wat Sy stem hoor (as 'n roepstem om in Hom te glo), sal lewe.
- In vers 28 (die toekoms): *<u>Almal</u>* in die grafte sal die stem hoor (as 'n opdrag), of hulle geglo het of nie.

Die "reeds, maar nog nie"- konsep. Dit beteken dat die dinge van die toekoms (die lewe van die Hemelse koninkryk van Elohiem) reeds al in die hede deurgebreek het.

So beteken die "nou" in Joh. 5:25 dat die oorgang vanaf die dood na die lewe **onmiddellik** in hierdie lewe gebeur vir die persoon wat glo. Jy hoef dan nie te wag vir die graf om eendag oop te gaan om *geestelik* te begin lewe nie, want daardie lewe begin by die oomblik van wedergeboorte.

Dis in hierdie lig wat Openbaring 20 dan praat van 'n eerste opstanding wat *geestelik is* en dit is duidelik dat dit **saamgaan** <u>met die heerskappy van Messias JaHUsha</u>**,** wat sedert Sy eerste koms 'n *geestelike heerskappy* is t.o.v. die *uitbreiding* van die Hemelse Koninkryk *(Matt. 28:18 – 20)*.

Feit is, ons word fisies gebore as mense wat *geestelik dood is* en wanneer ons geestelik lewendig word tydens wedergeboorte, is dit dieselfde as om uit 'n let wel … "**geestelike** graf uit op te staan". Dit is so a.g.v. die sondeval. Genesis is na regte die beginpunt van hierdie tema i.v.m. lewe en dood. In Gen. 2 is daar bevestigende simboliek wat hierby aansluit.

**GENESIS 2 SE FONDASIE**

Van Genesis tot die boek van Openbaring loop daar eintlik net een "storielyn". *(Sien: <u>MISLEIDING SEDERT GENESIS</u>, <u>DIE ROETE TERUG NA EDEN</u>)*

Voordat dit weer geskei het nà die sondeval was Eden die plek waar Hemel en Aarde ontmoet het en so sal dit weer wees in Open. 21 - 22 met die Nuwe hemel en Nuwe aarde (Open. 21:1 – 3). Nou is daar in Gen. 2 'n fondasie m.b.t. ons onderwerp.

> Gen 2:16 En JaHUaH Elohiem het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy <u>vry eet</u>,
> Gen 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy <u>sekerlik sterwe</u>.

In Hebreeus is daar beklemtoning (intensifisering) m.b.t. "eet" en ook met "sterwe", wat vir ons 'n *tematiese vergelyking* gee i.v.m. ons tema.

In die Hebreeus is daar herhaling wat die woorde '*eet*' en '*sterf*' betref. *'Vry eet'* lees letterlik as: "*eet, eet*" … want in Hebreeus is dit letterlike intensifisering, nl.: '*eet, jy sal* eet'. Dieselfde Hebreeuse woord word hier twee keer gebruik, die tweede keer net in verbuigde vorm a.g.v. die spesifieke naamval van die werkwoord. Die Strong's is: H398 (akal/tokel). Mens moet eet om te kan lewe, dus het *eet* by implikasie te doen met *<u>lewe</u>*, en kon hulle vrylik geëet het van al die bome wat die *Boom van <u>die lewe</u>* ook ingesluit het (hoewel met uitsondering van een spesifieke boom).

'*Eet eet*' is wel nie 'n numeriese herhaling nie, maar dit is beklemtoning. Dit dui hier i.v.m. ons tema **<u>simbolies</u>** op onderskeidelik die '*fisies <u>lewe</u>* en *geestelik <u>lewe</u>*' *(2 soorte lewe)*.

Dieselfde met '*sekerlik sterwe*'. Daar staan eintlik: "*sterwe, sterwe"*. Weereens is dieselfde Hebreeuse woord twee keer gebruik, die tweede keer weer net in verbuigde vorm en hierdie woord in die Strong's is H4191 (mot/tamut). Dis letterlik: '*sterf, jy sal sterf*'. As hulle van die Boom van kennis, goed en kwaad sou eet, sou hulle dus '*sterf, sterf*' *(2 soorte sterwe)*.

Diè twee Hebreeuse intensifiserings skep 'n patroon van **absolute lewe** vs **abolute dood** wat teologies ooreenstem met die N.T. So kan dit dan tematies gekoppel word aan die Nuwe Testamentiese idee van lewe in Messias en die tweede dood (albei is geestelik).

Kom ons kyk … Adam en Eva het wel van die verbode boom geëet en toe "gesterf", hoewel *nie fisies nie*, maar **geestelik** (want daarna was die Fisiese en Geestelike toe nie meer een geheel nie), omdat hulle onmiddellik afgesny was van Elohiem en uit Sy teenwoordigheid wat 'n geestelike realm is, verban is. Dit was dus 'n **geestelike dood**. Hulle fisiese dood het lateraan eers gevolg. Sedertdien moet elke mens dan "weer" gebore word om in die geestelike realm te kan lewe (= die oorgang vanaf geestelike dood na geestelike lewe) om dan vir ewig geestelik te kan lewe.

Dit is dan die "**eerste opstanding**" van Open. 20 wat ook die sentrale onderwerp van die hele N.T. is.

So … hierdie Hebreeuse intensifisering in Gen. 2:16 en 17 het van die begin af 'n simboliese patroon geskep van *absolute lewe* teenoor *absolute dood* wat teologies ooreenstem met die sondeval en dan ook met die Nuwe Testamentiese boodskap van die *omkering* van die gevolge van die sondeval.

Gevolgtrekking: Daar is 'n fisiese en 'n geestelike lewe (= 2 soorte lewe) en daar is 'n fisiese en geestelike dood (= 2 soorte dood).

As mens 2 keer gebore is (lewe, lewe) … d.w.s. *fisies en geestelik* … sal mens net een keer sterwe, nl. fisies, en dit terwyl mens dan geestelik nog steeds lewend sal wees.

Maar as mens net een keer gebore is (net 'n fisies lewe het), sal mens twee keer moet sterwe (sterwe, sterwe). Eers *sterf mens fisies* en dan met die laaste oordeel sal mens die *geestelike Tweede dood* ook moet sterwe … om vir ewig geskei te wees van Elohiem en Sy realm van geestelike ewige Lewe.

Die mens (Adam en Eva) wat eers toegang gehad het tot die Boom van die Lewe in Eden, het hulle geestelike lewe verloor deur te eet van die Verbode boom, maar Messias (as die laaste Adam) het daardie toegang volledig herstel sodat mense wat Hom aanneem weer *toegang tot bonatuurlike Lewe* kan hê, nl. die *Ewige geestelike lewe*. *(Sien: DIE BOOM VAN DIE LEWE EN DIE AMANDELTAK)*

Dink aan hoe die Gordyn in die tabernakel (met die simboliese gerubs wat die toegang tot Eden bewaak het daarop) middeldeur geskeur het juis toe JaHUsha Sy laaste asem uitgeblaas het. Dit was simbolies van die feit dat JaHUsha die poort tot Eden, of dan tot JaHUaH se teenwoordigheid in die realm waar lewe *geestelik* is, weer oopgemaak het. *(Sien: DIE GORDYN EN DIE SKEIDSMUUR VAN SONDE)*

Nà JaHUsha se Hemelvaart is Sy Gees wat *lewend maak* toe vanuit die Hemel uitgestort as die "belofte van die Vader" (Hand. 1:4 – 5, Joh. 15:26, Hand. 2:33 – 36). Dis dan duidelik dat daar net in JaHUsha vir ons werklike LEWE is, nl. *geestelike, ewige lewe* soos dit wat in Eden was.

**JAHUSHA IS LEWE**

JaHUsha het nà 3 dae en nagte weer opgestaan uit die dood ... met 'n geestelike liggaam. Daar is dus 'n baie kragtige en direkte parallel tussen JaHUsha en die Boom van die Lewe. *(Sien: DIE BOOM VAN DIE LEWE EN DIE AMANDELTAK)*

Terwyl Openbaring 22 wys dat ons uiteindelik weer toegang tot die Boom van die Lewe sal hê in 'n "herstelde skepping", funksioneer JaHUsha in die huidige bedeling ("die intussen") as ons *Boom van die Lewe*. Sela, bepeins dit nou eers ... want Hy is vir ons die bron van Ewige lewe.

Net soos wat die Boom van die lewe in Genesis bestem was om onsterflikheid en lewe aan die mens te gee, is Hy nou die eksklusiewe bron van daardie lewe. In Joh. 14:6 sê Hy uitdruklik:

> "Ek is die weg en die waarheid en **die Lewe**".

In Joh. 6 verduidelik Hy dat elkeen wat in Hom glo en Hom "eet" (inneem) as die "Brood van die <u>lewe</u>", die Ewige lewe <u>reeds besit</u>.

> Joh. 6:51 **Ek is die lewende brood** wat uit die hemel neergedaal het. <u>As iemand van hierdie brood eet</u>, sal hy **lewe tot in ewigheid**. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek <u>vir die lewe</u> van die wêreld sal gee.

Net soos die Boom van die Lewe in Genesis bestem was om onsterflikheid en lewe aan die mens te gee, is Hy nou vir ons die eksklusiewe bron van daardie lewe (Hy is ons Boom van die lewe). Hy is **die brug** *tussen* die *Verlore boom* in Genesis *en* die *Herstelde boom* in Openbaring, die "reeds, maar nog nie"- konsep.

Daarom is die folterpaal (kruishout) simbolies verteenwoordigend van die *Boom van die lewe*. In die Woord word daar dikwels simbolies na die "kruis/folterpaal" as 'n *hout* of 'n *boom* verwys. *(Sien ook: BOME IN DIE WOORD)*

> 1 Pet. 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout *(G3586: xulon: "by implication a stick, club or tree …")* gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

> Hand. 5:30 Die Elohiem van ons vaders het JaHUsha opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout *(G3586: xulon: "by implication a stick, club or tree …")* te hang.

"Xulon" is ook die presiese woord wat in Openbaring 22 vir die Boom van die Lewe gebruik word. Deur JaHUsha se dood (in ons plek) <u>op 'n *Hout/boom* van die *Dood*</u>, verander Hy dit vir ons in 'n "Nuwe" <u>*Boom van Lewe*</u> wat redding bied aan elkeen wat daarvan "eet", m.a.w. elkeen "wat kom kniel by die kruis" soos daar in 'n sekere koortjie gesing word. Hy het Sy asem uitgeblaas, sodat ons kan lewe.

Om JaHUsha as Verlosser aan te gryp, <u>is dus om weer van die Boom van die Lewe te eet</u>.

Die pad na die Boom van die lewe in Eden is ná die sondeval deur gerubs en 'n vlammende swaard versper (Genesis 3:24), maar die toegang tot **ware lewe** (geestelike lewe) is weer vir ons deur JaHUsha geopen (die gordyn het van bo na onder oopgeskeur, Matt. 27:51, vgl. Gen. 3:24 en Ef. 26:31). Totdat gelowiges weer eendag die vrugte van die Boom van die lewe in Openbaring 22 kan geniet en die genesing van die blare kan ervaar, is JaHUsha in die tussentyd ons Geestelike Boom van die lewe **wat ons geestelik lewendig maak** ... en dìt is Open. 20 se ...

> "**Eerste Opstanding**".

JaHUsha self het gesê dat Hy die Bron van lewe is.

> Joh. 14:6 JaHUsha antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en **die lewe**; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Dit beteken dat daar geen **lewe is** as dit **nie van Hom kom nie** — want Hy is '*Immanuel*' (= Elohiem met ons, soos wat die mens aanvanklik saam met Elohiem in Eden was).

Joh. 6:47 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, **het die EWIGE LEWE**.

Daar is nog verse wat ‘n eenmalige opstanding uit die grafte bevestig.

**DIE EENMALIGE FISIESE OPSTANDING VOLGENS ANDER NUWE TESTAMENTIESE VERSE**

Die Nuwe Testament in sy geheel leer dat die opstanding vanuit die grafte eenmalig en universeel is tydens die Wederkoms. En onthou … daar is nie ‘n Scofieldse “**twee-fase**” wederkoms nie. *(Sien: JOHN NELSON DARBY EN DIE GEHEIME WEGRAPING)*

In **1 Kor. 15** word daar ‘n **orde** uitgelig t.o.v. opstanding uit die dood, in diè sin dat …

- Messias die eerste vrug is (Hy het eerste opgestaan, vers 20),
- Daarna diè wat aan Messias behoort by Sy wederkoms (vers 22 – 23),
- Dan is dit die einde van hierdie bedeling (vers 24 – 28).

Daar is niks in 1 Kor. 15 wat dui op ‘n opstanding of opstandings wat vòòr en nà ‘n duisend jaar sal plaasvind nie. Open. 20 sal nie ander dele in die N.T. wat dit voorafgaan (soos die gedeeltes hierbo) probeer weerspreek nie.

Dat hierdie ‘siele’ (nie liggame nie) saam met JaHUsha regeer in Open. 20, bevestig inderdaad wat in Efesiërs staan i.v.m. mense wat eers verlore was en toe deur hulle geloof in JaHUsha, “lewend” gemaak is en dan saam met Hom regeer (deurdat hulle Sy laaste opdag in Matt. 28:18 – 20 gehoorsaam).

> Ef .2:4 Maar Elohiem, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
> Ef. 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, **lewend gemaak saam met Messias**—uit genade is julle gered—
> Ef. 2:6 en **SAAM OPGEWEK** en saam laat sit in die hemele in **Messias JaHUsha**, *(vgl. Open. 20:4)*
> Ef. 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Messias JaHUsha.
> Ef. 2:8 Want uit genade is julle gered, **deur die geloof**, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Elohiem;

Dus: Ongeredde mense wat in JaHUsha as Messias begin glo het, is geestelik “lewend gemaak” net soos wat JaHUsha nà Sy dood as ‘n Geestelike Wese opgestaan het en opgevaar het hemel toe. Paulus sê dat sulke geestelike “opgewektes” dan saam met Messias in die hemele sit.

Dit bevestig wat Johannes in Open. 20 geskryf het, en kan Open. 20:4 – 6 nie nou met iets anders verklaar word nie soos wat o.a. Darby en Scofield se dispensasionele siening dit wil hê nie.

Volgens Ef. 2:4 – 8 is die groot prentjie van Open. 20 dan dat …

- Dit tans Messias se huidige geestelike koninkryk is,
- Die martelare (= gelowiges wat in daardie tyd gedood is omdat hulle in JaHUsha geglo het) geestelik saam met Hom heers en dan gaan daar
- ‘n Finale oordeel aan die einde van ons era kom, wat die einde van geskiedenis sal wees.

Ons gevolgtrekking m.b.t. Open. 20 se “eerste opstanding” is dan as volg …

- Die Eerste Opstanding = <u>geestelike</u> lewe in Messias wat plaasvind in ons huidige lewenstydperk
- vòòr die Universele opstanding = opstanding vanuit die grafte by die finale oordeel

**RES VAN DIE DOOIES**

Wie is dan Open. 20:5 se: "ander dooies"?

> "En die ander dode **het nie herlewe** totdat **die duisend jaar voleindig was nie**."

Die "ander dode" verwys na die *ongelowiges* (d.w.s. diegene wat nie weergebore is nie). Hulle het nie deel aan hierdie "eerste opstanding" (geestelike lewe/wedergeboorte of lewe in die hemel saam met Messias nie). Hulle bly dan geestelik dood gedurende die hele "duisend jaar" (die huidige kerkera) en kom eers na vore by die algemene universele opstanding.

Dit beteken dat daar vir hierdie ongelowiges geen verandering in hul toestand is gedurende hierdie hele era nie. Hulle sal eers "herlewe" (fisies opstaan) aan die einde van hierdie bedeling, wanneer JaHUsha weer kom en die algemene opstanding van almal sal plaasvind.

**GEESTELIKE LEWE EN GEESTELIKE DOOD IS PASMAATS**

Nog 'n leidraad waarom die *geestelike* beter pas by die Eerste opstanding van Open. 20 is omdat die Tweede dood duidelik geestelik is. Dan moet die eerste opstanding wat daarmee saamgaan mos ook gesien word as geestelik. Dis m.a.w. *geestelike* dood versus *geestelike* lewe en NIE liggaamlik versus liggaamlik nie.

As ons die twee verskillend probeer insien, "pas dit nie bymekaar nie" en is "ongelyk" (*fisies* teenoor *geestelik*). So … dis die *geestelike* LEWE (nou) teenoor die Finale/Tweede *geestelike* DOOD *later*. Dis eintlik dieselfde as …

> Joh. 5:24 …. **het** die <u>**ewige lewe**</u> en kom <u>NIE IN DIE OORDEEL NIE</u>.

In Romeine verwys Paulus ook na albei as geestelik wanneer hy sê …

> Rom. 6:23 Want die <u>loon van die sonde is die dood</u>, maar die genadegawe van Elohiem is die <u>ewige lewe</u> in Messias JaHUsha, ons Meester.

Die frase "tweede dood" help ons dus eintlik om te kan verstaan dat Open. 20 nie fokus op tydlyne nie, maar op twee *geestelike* realiteite.

**SAMEVATTING**

Scofield se "knip-en-plak" benadering tot die eindtyd lei daartoe dat die Opstanding van die Regverdiges in meer as een opstandings-gebeurtenisse vanuit grafte verdeel moet word wat etlike jare uitmekaar plaasvind. Dit staan in direkte *kontras* met die N.T. se <u>èèn algemene opstanding</u> en <u>oordeel</u> <u>op die laaste dag</u>.

As iemand dan die *eerste opstanding* in Open. 20 as fisies WIL sien, sal hy noodwendig wil hê dat daar *meer* <u>liggaamlike</u> opstandings moet wees, maar dit weerspreek en herskryf die Evangelies en Paulus se briewe. Wat die beste by die Nuwe Testament se leer pas is:

- Een wederkoms
- Een algemene opstanding
- Een finale oordeel

Open. 20 beskryf dan die huidige *geestelike* werklikheid, terwyl Joh. 5:28 - 29 en 1 Kor. 15 die finale, **sigbare vervulling** beskryf … en hulle bots nie, maar vul mekaar aan.

In een sin saamgevat leer die Woord …

> *Eers wedergeboorte en lewe in Messias (eerste opstanding), dan een finale liggaamlike opstanding vanuit die grafte van almal later – met 'n duidelike onderskeid tussen diè wat aan Hom behoort en diè wat nie aan Hom behoort nie.*

Opgesom gaan Open. 20:4 - 6 dan oor …

- 1 000 jaar → huidige tyd
- Eerste opstanding → die 'nou reeds' lewe in Messias
- Tweede dood → finale oordeel.

**SLOT**

Mag elke leser nou reeds deel kry aan die geestelike "*eerste opstanding"* sodat die Lam se naam op elkeen se voorhoof kan wees by die Finale oordeel.

> "En hulle sal Sy aangesig sien, en Sy Naam sal op hulle voorhoofde wees". *(Open. 22:4)*
>
> "…. **Welgeluksalig** *(H835 "ashar" wat "makarios" is in Grieks)* is almal **wat by Hom skuil**!" *(Ps. 2:12, vgl. Open. 1:3)*

Laastens is daar egter ook 'n ernstige waarskuwing wanneer ons die boek van Openbaring hanteer …

> "Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal Elohiem oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.
> En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal Elohiem sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die afgesonderde stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." *(Open. 22:18 – 19)*

0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2026

# Die Groot Bybelse Verhaal: Van Eden tot die Nuwe Jerusalem

## 1. EDEN (BEGIN)

Genesis 1–3
Boom van die lewe
God woon by mens
Lewe = verhouding met God
Sonde → skeiding → dood

## 2. JESUS CHRISTUS (MIDDELPUNT)

Johannes-evangelie
Ek is die lewe
Kruis → oorwinning oor dood
Opstanding → nuwe lewe
Toegang tot God herstel

## 3. HUIDIGE KERK-ERA (TUSSENTYD)

Openbaring 20 (raamwerk)
1000 jaar = simboliese tyd
Satan beperk
Evangelie versprei
Lewe in Christus

## 4. EINDE: ALGEMENE OPSTANDING

Johannes 5:28–29
Almal staan op
Regverdiges → lewe
Onregverdiges → tweede dood

## 5. NUWE SKEPPING

Openbaring 21–22
Nuwe Jerusalem
Boom van die lewe terug
Geen vloek
God woon by mense

Samevatting: Van Genesis tot Openbaring beweeg die Bybel van 'n verlore tuin na 'n herstelde stad deur Christus.